**10 Julie**
**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-24**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:15**

## Wees vandag lief vir die Here

God se liefde vir ons, sy kinders, roep om `n antwoord van ons. Sy liefde dring ons tot wederliefde, om Hom ook waarlik en opreg lief te hê. Ons liefde vir die Here behoort ons lewe en optrede elke dag te bepaal.

Ons groot Leermeester, Jesus, het ons tog vertel dat die liefde vir God die grootste en eerste gebod is. Hoe kan ons die Here vandag gaan liefhê? Liefde vir die Here is meer as blote gevoelens. Liefde vir die Here is egter ook nie sonder gevoelens nie, gevoelens van opgewondenheid oor Hom, verbasing en verwondering oor wie Hy is en wat Hy doen. Jesus verwag van ons om die Here ons God lief te hê met ons hele hart en met ons hele siel en met ons hele verstand.

Die gedeelte wat ons gelees het, toon vir ons so duidelik aan dat ons liefde vir die Here ook tot uiting kom in gehoorsaamheid aan sy opdragte. Ware liefde vir God moet duidelik word in ons lewens. Wanneer ons vandag in die alledaagse lewensituasies gehoorsaam leef aan die Here, toon ons ons liefde vir Hom.

Wanneer ons goed en reg optree teenoor ander rondom ons, wanneer ons ons woorde tel en net sê wat tot voordeel van ander is, wanneer ons die vrug van die Heilige Gees dra en ons lewens deur liefde beheers word – dan sal ons lewens vandag wys dat ons die Here van harte liefhet, want ons doen wat Hy vra. Gaan jou lewe vandag anders lyk as gister, uit liefde vir God? Kyk op na Jesus en dink aan sy volmaakte voorbeeld vir nuwe inspirasie op hierdie pad. Hy het gesê (Joh 14:31): "… die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het."

*Sing: Psalm 18:1 Ds L du P van der Vyver (Silverton)*